# IS DIT MAKLIKER OM GERED TE WORD OF OM VERLORE TE GAAN?

Joe Crews

Kopiereg © 1980 deur
Joe Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie


Buiteblad deur Robert Grace

# IS DIT **MAKLIKER** OM
# GERED TE WORD
# OF OM
# VERLORE TE GAAN?

Dit blyk heel gepas dat die woord *dinamiet* ‘n transkripsie is van die Griekse word *dunamis*, wat krag beteken. Die woord is nie vreemd vir diegene wat studente van die Skrif is nie. Dit is een van die kleurryke byvoeglike naamwoorde wat in die Bybel gebruik word om die evangelie van Jesus Christus te beskryf. Paulus het geskryf, “Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie: want dit is die krag (*dunamis*) van God tot verlossing vir elkeen wat glo; eerste vir die Jood, en ook vir die Griek.” Romeine 1:16.

Hoe min Christene het ‘n ware begrip van die plofkrag van die evangelie waarop hulle so ligtelike aanspraak maak! Indien Paulus se woorde waar is, dan behoort elkeen wat die evangelie besit ook gevul te wees met ontsaglike krag. Maar is dit die geval? Ongelukkig is die lewens van tallose kerklidmate slap, ongeërg, en ongelukkig toegeeflik. In plaas van krag, blyk dit asof daar moedeloosheid en verslaentheid is. Wat is verkeerd? Glo hierdie mense werklik die evangelie of nie? En waarom is daar vandag so ‘n duidelike gebrek aan krag in hulle lewens?

Die antwoord moet wees dat baie nie werklik glo wat hulle bely nie. Of andersins, hulle is ‘n valse evangelie geleer. Sommige van die grootste geestelike probleme van vandag is gegrond in ‘n wanbegrip van die evangelie. Die tragiese werklikheid is dat miljoene nie ware begrip het van wat deur die evangelie verkry kan word en wat dit veronderstel is om vir hulle te doen nie. Onbewus van die volle voordele daarvan, strompel

hulle voort en maak slegs aanspraak op dit wat hulle swak geloof in staat is om in te sluit. In stede daarvan om deel te neem aan ‘n feestelike onthaal van die Here, maak hierdie mense die krummels onder die tafel bymekaar wat skaars voldoende krag voorsien om te oorleef.

Hulle is baie soos die “vermiste erfgename” waarvan ons so baie hoor. Orals in die VSA is miljoene dollars wagtend in banke vir die werklike eienaars om besit daarvan te neem. In die meeste gevalle is die erfgename onbewus van die rykdom wat regmatiglik aan hulle behoort en wat slegs op hulle wag om opgeëis te word. Hierdie miljoene is egter niks in vergelyking met die onontgonne geestelike rykdom wat wag op daardie Christene wat nie die onbeperkte oorvloed raaksien nie. Vir geen rede, behalwe hulle eie grondelose vermoë om hulle werklike besittings op te eis, leef die meeste belydende Christene in miserabele armoede en swakheid.

## SATAN HET GEEN MAG OOR GOD SE KINDERS NIE

Weet u waarom leef hierdie miljoenêrs soos armlastiges? Omdat hulle die duiwel toegelaat het om hulle te intimideer. Hy het vir hulle gelieg oor een van hul mees basiese voorregte. Ons moet die bose een ontmasker en die valse aansprake blootstel wat hy oor sy gesag maak. Satan wil graag hê dat ons moet glo dat hy onbeperkte beheer oor hierdie wêreld en al sy mense het. Dit is nie waar nie. Hy is nie die meester van God se kinders nie en het geen krag oor die heiliges nie. Waar Christus leef en heers, sidder Satan en vlug vir sy lewe. GOD IS STERKER AS SATAN. Hierdie glansryke waarheid moet ons gemoed voortdurend gerusstel.

Moenie my verkeerd verstaan nie. Satan is magtig. Ons het

almal die ongelooflike, verslawende invloed gesien wat hy in die lewe van ‘n sondaar kan uitoefen. Maar wanneer Christus die duiwel uit daardie sondaar verdryf en sy lewe beheer, is die krag vir die goeie ver bo die van die bose. Indien daar meer krag in Christus is as wat daar in Satan is, dan is daar meer krag in genade as wat daar in sonde is. Jesus is nie net so sterk as die duiwel nie, anders sou die stryd tussen hulle moontlik gelyk geëindig het, of ‘n afwering tot gevolg gehad het. Maar, dank God, Christus het alreeds die stryd gewen en Satan is dus ‘n oorwonne vyand.

Dit lei ons na die verblydende gevolgtrekking dat die Christen iemand sterker het om hom te help om Jesus te volg as wat die sondaar het om hom te help om Satan te volg. Hierdie gerusstellende feit behoort voldoende vertroosting te bring vir elke kind van God. Dit opper ook ‘n baie interessante vraag. Indien ons so ‘n magtige verdediger aan ons kant het, wat ons verlossing verlang, is dit korrek om dan ook tot die gevolgtrekking te kom dat dit makliker is om gered te word as om verlore te gaan? Voordat enige oppervlakkige antwoord op daardie vraag gegee word, moet ons die twee hoofaspekte van verlossing oorweeg. Dit is baie belangrik om te verstaan of die vraag betrekking het daarop om ‘n Christen *te word* of om ‘n Christen *te bly*.

Ons wil graag glo dat omdat Christus sterker as Satan is, Hy die volledige verlossingsproses vir Sy kinders sal vergemaklik. Ons het egter eerstehands die pynlike stryd met self ervaar om die besluit te maak om Jesus te volg. Daar was ‘n titaniese stryd tussen die vlees en die Gees, en Satan het elke menslike swakheid uitgebuit in sy strewe om ons vasgevang te hou in die slawerny van sonde. Dit is te betwyfel dat selfs een persoon sal toegee dat dit makliker is om ten volle aan Christus oor te gee as wat dit is om voort te gaan om volgens die vlees te lewe. Dit wil

blyk dat Satan honderde verleidelike aanloklikhede het wat dit bemoeilik om weg te breek van die weë van die wêreld.

Die duiwel het ook ‘n verdere voordeel bo God en dit is dat hy kan lieg, en dinge presies die teenoorgestelde laat vertoon as wat dit werklik is. Hy kan sonde onberispelik en aangenaam laat lyk. Die gevalle geaardheid van die mens, met sy kragtige neiging tot sonde, neig eerder na die bose. En selfs na bekering, kan daardie swakker geaardheid beïnvloed word deur die dwaalleer en misleiding van Satan. Dit beteken dat die Christen gedurigdeur op sy hoede moet wees vir geslepe of indirekte aanvalle van ‘n baie slim vyand.

## DIE WEG VAN DIE OORTREDER IS MOEILIK; NIE DIE WEG VAN DIE GEHOORSAME NIE

Beteken dit dus dat dit ontmoedigend sal wees om die Christelike lewenswyse te volg? Sal die teisteringe van versoeking dit rampsalig maak om vir Christus te lewe? Inteendeel, ons kan gerus wees omdat ons die sekerheid het dat ons aan die wenkant van die groot stryd is. Hy wat vir ons is, is groter as die een wat teen ons is. Is dit nie opwindende nuus nie? Die bekeringsondervinding verander die verstand en wil in ‘n werklike geestelike vesting. Vanaf daardie beheersentrum beoefen die Heilige Gees ‘n oorwinnende invloed oor die swakker vleeslike geaardheid uit. Solank as wat die talente aan God oorgegee word, vind die Christen verligting van die las en skuldgevoel van sonde.

Is dit nie wat die Meester bedoel het toe Hy hierdie woorde gespreek het nie? “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, … en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.”? Mattheus 11:28-30. Jesus het beslis nie gesê dat

moeilikhede en konflikte uit die lewens van Sy volgelinge sal verdwyn nie. Hy het eerder die vreugde en gemoedsrus beskryf wat die weg van die gehoorsame sal kenmerk. Toe Jesus vir Saulus op die Damaskuspad ontmoet het, het Hy gesê, “Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.” Die betekenis van hierdie woorde is ooglopend. Hy het vir Saulus gesê dat dit moeilik is om die Heilige Gees te weerstaan. Die ellende en stryd lê in die pad van die ongehoorsame. Die weg van die oortreder is moeilik; nie die weg van die gehoorsame nie.

Ons moet ophou om toe te laat dat Satan ons breinspoel met die oordrewe aansprake van sy gesag. Dit is waar dat dit onder die heerskappy van sonde makliker is om die verkeerde in plaas van die regte dinge te doen, maar dit is ook waar dat onder die heerskappy van genade dit weer makliker is om reg as verkeerd te doen. Waarom moet ons nie die voorregte handhaaf wat aan ons as die kinders van God behoort nie? Die Bybelskrywers het nie gehuiwer om die beperkte gesag van Satan uit te daag nie, en ons moet ook nie. Paulus het geskryf: “Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here.” Romeine 5:20, 21.

Let op die uitdrukking, “soos die sonde geheers het.” Hoe het dit geheers? As ‘n beherende krag, het dit nie? Deur elke geestelike drang te oorheers, het die vleeslike natuur al die pogings van genade oorweldig om die hart binne te dring. Let egter daarop dat genade “nog meer” geword het as sonde, en “soos die sonde geheers het … so ook die genade kan heers”! Dit is duidelik dat genade ook ‘n beherende krag kan wees wat al die pogings van sonde kan oorweldig om die lewe binne te kom. Is dit nie ‘n fantastiese versekering nie? Die duiwel het geen

plofstof wat vergelyk kan word met die vernietigende plofstof van die evangelie in ‘n lewe wat aan God toegewy is nie.

Ons kom dus weer terug na die vraag: Is dit moeiliker om Jesus of Satan te dien? Dit is ongetwyfeld dat ons toegang het tot meer goeie as slegte krag. “As God vir ons is, wie kan teen ons wees?” Iemand mag dalk antwoord, “Satan.” En ek sê, “Wat daarvan? Hy vlug weg wanneer hy die naam van Jesus hoor.” Hy wil natuurlik hê dat u verlore moet gaan, maar God wil hê dat u gered moet word. U kan elke keer oorwin deur aan die kant van die sterkere te wees. Jesus het na Sy mag oor die duiwels verwys met hierdie woorde: “Wanneer ‘n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid. Maar as een hom oorval wat sterker is as hy … neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit.” Lukas 11:21, 22.

Die sterk man waarna verwys word, is natuurlik Satan. Hy is sterker as die slimste man wat ooit geleef het (Salomo), en die sterkste man wat ooit geleef het (Simson), en die mees volmaakte man wat ooit geleef het (Adam). Maar hy is nie sterker as Jesus nie. Christus is daardie sterker Een wat “hom oorwin het” en bevry die gevangenes uit sy hande. Wat ‘n opwindende werklikheid!

## ALMAL SAL GERED WORD WAT NIE TEENSTRIBBEL NIE

God het nie slegs die mag om ons te red nie, maar Hy verlang om dit te doen. Dit is Sy begeerte dat almal tot bekering moet kom en gered moet word. Wat bewerkstellig bekering in die lewe? Paulus verseker ons “… dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei?” Romeine 2:4. Hoeveel lei Hy tot bekering? Natuurlik almal, omdat dit Sy wil is om almal te red.

Christus het gesê, “En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.” Johannes 12:32. Sy liefde doen nie slegs ‘n beroep op ‘n uitverkore paar nie, maar op ALLE mense. Sy goedheid LEI elke mens tot bekering, en Sy liefde TREK alle mense na die kruis. Indien dit waar is, waarom word alle mense nie gered nie? Omdat hulle die aangename nadertrekkende invloed van die Heilige Gees weerstaan. Daar is absoluut geen twyfel daaraan dat God aktief poog om die verlossing van elke mens op planeet aarde te bewerkstellig nie, en Hy sal aanhou om diegene te oortuig wat hulleself nie in ongeloof verhard het nie.

Wat ‘n gedagte! Die moeilike ding om te doen, is om teen verlossing te stry. Tensy ons teenstribbel, sal God volhard om ons na Homself te trek. “Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn.” Titus 2:11. Aan hoeveel? ALLE mense! Hebreërs 2:9 sê dat Jesus die dood gesmaak het vir “elkeen”. En weer, “naamlik dat God in Christus, die wêreld met Homself versoen het.” 2 Korinthiërs 5:19. Die enigste rede waarom die hele wêreld nie gered word nie, is omdat die grootste meerderheid God se voorsiening van reddende, heiligmakende genade, weerstaan.

Dus is die werklike rede vir die weg van oortreding die bindende houvas wat sonde op die verstand en liggaam het. Dit is waarom dit makliker is vir die onbekeerde om voort te gaan op hulle koers eerder as om van die dood na die lewe te draai. Daar is niks in hulle wat in staat is om die wil van die vlees uit te daag nie. Ons bevestig egter met net soveel vertroue dat die wedergebore Christen vinnig sal leer om sonde te verafsku, en dit as ‘n volslae rampspoedige daad sal beskou om die gewete te sus deur opsetlike ongehoorsaamheid.

Wat is dus die antwoord op die vraag, Is dit makliker om gered te word of om verlore te gaan? Ons moet opreg erken dat dit moeilik is om die aanvanklike ommekeer te maak van die eie-

ek, maar nadat die hart oorgegee is, is die pad van die Christen, in alle opsigte, gelukkiger en makliker om te handhaaf. Kom ons oorweeg die teologie ter stawing van hierdie aangename werklikheid.

Die Bybel praat van "en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God – om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is." Romeine 3:24-26.

Let asseblief daarop dat slegs diegene "wie uit die geloof in Jesus is" persoonlik geregverdig sal word, selfs al voorsien die kruis dit vir almal. Die teks sê daar moet geloof "in sy bloed as 'n versoening" wees. Die elektrisiteitsverskaffer voorsien voldoende krag en lig na my huis, maar ek ontvang geen voordeel tensy ek die skakelaars in my huis aanskakel nie. Al God se reddende, reinigende, regverdigmakende krag is van geen voordeel vir my verlossing nie, tensy ek dit persoonlik aanvaar.

Ons teks praat ook van "deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is" as 'n deel van die regverdigmakende ondervinding. Wat gebeur werklik tydens hierdie daad van kwytskelding of vergifnis van sonde? Baie glo dat hierdie iets is wat buite die lewe van die gelowige gebeur. Hulle is van mening dat vergifnis God se houding teenoor die oortreder verander as gevolg van een of ander hemelse berekening wat biljoene ligjare ver gedoen was. Is dit waar dat vergifnis God so beïnvloed dat Hy nie langer iets teen my hou nie? Dit is beslis nie so nie. Vergifnis verander nie God teenoor ons nie; dit verander ons teenoor Hom. God het nie nodig om te verander nie. Hy was nooit verkeerd nie. Die mens was die

sondaar wat verander moes word.  Hy het veroordeel gestaan voor ‘n verbreekte wet wat geen genade of vergifnis kon aanbied nie.  Daar was absoluut geen regverdigheid wat uit die wet verkry kon word nie.  Dit kon geen krag verskaf om reg te doen nie.  Die sondaar was magteloos, veroordeel en hulpeloos onder die straf van daardie wet.

Paulus se terminologie stel veroordeling as die teenoorgestelde van regverdigmaking.  In Romeine 8:1-4 beskryf hy wat regverdigmaking selfondervindelik vir die individu verkry.  “Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, … Want God het – wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees – deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.”

Ons kan onmiddellik sien dat die probleem in die vlees lê wat te swak was om die wet te gehoorsaam.  Iets moes in die mens gedoen word om hom terug te bring in harmonie met God.  Die Griekse woord vir *regverdigheid* in hierdie versie is *dikaima,* wat *regverdige vereiste* beteken.  Hoe kon die swak-vlees probleem genees word sodat die mens die vereistes van die wet kon vervul?

God het die volledige oplossing voorsien toe Hy Jesus in die vlees gestuur het om die wet volmaak te gehoorsaam.  Dit was slegs omdat Christus ‘n volmaakte lewe van gehoorsaamheid gelewe het dat Hy in staat is om regverdiging aan elkeen van ons toe te reken.  Indien daardie plan om Jesus te stuur nie voorsiening gemaak het vir my swakheid in die vlees nie, dan sou die plan misluk het.  Wanneer Christus in die lewe inkom, word die veroordeling verwyder, die sondes word vergewe, en ons kry die krag om die vereistes van die wet te vervul deur Christus in

ons. Dit is die verandering wat vergifnis in die lewe maak.

Vergifnis verander nie God nie, maar ons. Hy regverdig die goddelose deur die goddeloosheid weg te neem. Hy regverdig die opstandige sondaar deur die rebelsheid weg te neem. Wanneer Hy ons regverdig verklaar, maak Sy selfvervullende woord ons regverdig. Hy verklaar nie iets wat nie waar is nie. Die Een wat Satan oorwin het, beweeg nou in die menslike hart in om oorwinning oor die krag van sonde te voorsien. Die wonderwerk van die nuwe lewe word in die Bybel beskryf deur uiters fantastiese uitdrukkings. Ons kan die gesindheid van Christus hê (Filippense 2:5), deel hê aan die goddelike natuur (2 Petrus 1:4), gevul word met die volheid van God (Efesiërs 3:19), en vrygemaak word van sonde (Romeine 6:18). Hierdie is alles moontlik wanneer genade begin om die lewe te beheer, en teen hierdie krag, het Satan nie die minste kans nie.

## CHRISTENE HOEF NIE TE KRUIP OF TE KOES NIE

Almal wat nie die goedheid van God weerstaan nie, sal gelei word na bekering en verlossing, en hulle sal nie deur die beweerde gesag van ‘n verslane vyand geïntimideer word nie. Ons moet ons posisie as kinders van God besef. Ons moet ook nie bang wees om ons mag deur Christus oor Satan te erken nie. Dit is tyd vir God se kinders om op te hou sidder voor die dreigemente van ‘n verslane vyand. Te dikwels in evangelisasie kyk ons met verslaentheid toe terwyl die duiwel sy kompeterende aanloklikhede opstel om mense van die Woord van God weg te lok. Ons sê, “O wêreld, wat gaan ons doen? Die sirkus kom tydens ons evangelisasieveldtog na ons dorp.” Die waarheid is dat Satan eerder bekommerd moet wees as ons. Hy behoort te sidder en te sê, “Wat gaan ek doen? Die evangeliedienste kom

na hierdie dorp toe."

God se Geesgevulde kinders moet leer om meer vertroue te hê, meer aggressief en vrymoedig te wees in hulle handhawing van die waarheid in die naam van die magtige, oorwinnende Skepper God. Ons handel nie in die krag van die vlees nie, maar in die krag van die Heilige Gees. Hy wat vir ons is, is groter as hy wat teen ons is. Loof God vir so 'n versekering!

Laat ons nou die vraag oorweeg, WAAROM IS DIT NIE MOEILIK OM CHRISTUS TE DIEN WANNEER JY 'N CHRISTEN IS NIE? Moet asseblief nie die betekenis van hierdie vraag verkeerd vertolk nie. Ons praat van 'n wedergebore Christen wat Jesus volg. Daar is geen bewering dat dit vir enigiemand anders maklik sal wees om die Christelike lewe te leef nie. Inderdaad is daar dus waarskynlik geen moeiliker taak in die wêreld as om te probeer om vir Christus te leef in die krag van die vlees nie. Dit is heel moontlik dat vele van die aftakelende siektes en swakhede van die liggaam teweeggebring is deur geslagte se stryd om God deur menslike pogings te behaag. Mense raak afgemat en gedaan van sulke sinnelose aktiwiteit.

Ek sê nie dat daar geen poging of stryd sal wees nie, maar vir die toegewyde Christen is die weg van gehoorsaamheid 'n vreugde en genot EN OORWINNING IS VERSEKER! "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie." 1 Johannes 5:3. Die groot dissipel van liefde verklaar dat dit nie moeilik is om God se wet te gehoorsaam wanneer dit die vrug van 'n liefdesverhouding is nie. Die Psalmis het geskryf, "Ek het lus, om my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande." Psalm 40:9. Daar is twee sterk redes waarom dit nie vir die ware Christen swaar is om die Here te dien nie. Eerstens, hy het absolute vertroue dat God hom liefhet en vir hom slegs dit sal doen wat goed is vir hom. Tweedens, hy het God bo alles lief en verkies om geen risiko te

waag om Hom te mishaag nie.

## BEPERKINGS KAN ‘N GENOT WEES

Iemand mag dalk ‘n vraag opper oor die vereistes wat in die Bybel neergelê word en die straf verbonde daaraan vir oortreding. Niemand kan ontken dat dit daar is nie. Maak hierdie vereistes en dreigende straf gehoorsaamheid moeilik? Laat ek daardie vraag beantwoord met twee denkbeeldige onderhoude. Veronderstel dat ek sopas ‘n volle mediese ondersoek ondergaan het en die dokter gee my ‘n verslag van sy bevindinge. Hy sê, “Joe, ek het baie slegte nuus vir jou. Jou toetse dui aan dat jy gaan sterf tensy jy my opdragte presies volg. Om jou lewe te red, moet jy voortgaan om elke dag my opdragte te volg vir die res van jou lewe. Ek het gevind dat jy elke dag twee of driekeer sal moet eet ten einde jou lewe te red. En jy moet jouself dwing om dit dag na dag te doen vir solank as wat jy lewe.”

Dink vir ‘n oomblik hieroor. Daardie is streng reëls met swaar straf daaraan verbonde. Ek kan my lewe verloor deur die wet wat deur die dokter neergelê is, te oortree. Sal dit egter vir my moeilik wees om daardie opdragte uit te voer? Natuurlik nie! Waarom? Eenvoudig omdat daar ‘n hoër wet is wat my lei om in elk geval elke dag te eet. Die fisiese wette van my liggaam vereis dat ek gereeld eet, en ek geniet om dit te doen. Dit is vir my beswil om te eet, en ek hoef myself nie te dwing om aan die dokter se streng vereistes te voldoen nie.

Op dieselfde manier is daar ‘n wet van liefde wat in elke Christelike lewe werk wat ‘n natuurlike uitvloeisel is van ‘n persoonlike verhouding met Jesus. Die gebooie en straf van die Bybel is geen dreigement nie, omdat die Christen die hoër wet

erken wat hom lei om dit te doen wat vir hom voordelig is. Hy gehoorsaam nie uit vrees vir die straf nie, maar omdat hy op sy gelukkigste is wanneer hy die Een gehoorsaam wat hy liefhet.

Kom ons stel ons nou ‘n ander gesprek voor wat in werklikheid nooit sal plaasvind nie. Ek is besig om gereed te maak om weg te gaan vir ‘n maand van evangelisasie. My vrou sê vir my totsiens en hou dan plegtig ‘n papier voor my gesig. “Joe”, sê sy, “jy gaan vir ‘n maand weg wees en jou salaristjek sal gepos word voordat jy terugkom. Ek wil net hê dat jy hierdie papier baie noukeurig moet lees. Dit is ‘n afskrif van Maryland se Wet No 392, en dit verklaar dat jy in die tronk gestop sal word indien jy nie vir my geld vir die huishouding sal stuur nie. Dit is nie baie aangenaam in daardie gevangenis nie, en daarom sal ek van jou verwag om die geld te stuur sodra jy jou tjek ontvang.”

Wat sy sê, is waar, maar het ek die dreigement van daardie wet nodig om my my familie te laat ondersteun? Nee, daar is ‘n hoër wet van liefde wat my wil laat sorg vir my geliefdes. Liefde verander plig in ‘n vreugdevolle voorreg. Ek onthou hoedat ek 16 kilometer in gietende reën geloop het om ‘n afspraak na te kom met die meisie vir wie ek lief was. Ek was gladnie spyt nie. My liefde vir haar was sterker as die swaarkry. Ons kan enigiets ‘n las maak deur die houding wat ons daarteenoor het en die manier wat ons dit hanteer. Dit is ‘n las om Jesus te dien slegs wanneer daar fout met die verhouding is.

## IS DIE WEG VAN GEHOORSAAMHEID MOEILIK EN ONGELUKKIG?

Ek het mense hoor sê, “Maar Christelikheid is so beperkend.” Dit is waar. Die huwelik is selfs meer beperkend as godsdiens. Maak dit die huwelik ongelukkig? Kla bruide en bruidegomme oor die enge beloftes wat hulle aan mekaar maak? Ek het baie

huwelike waargeneem en het nog nooit pasgetroudes gesien wat ongelukkig is oor hulle verbintenis nie. Hulle is altyd stralend, selfs al het hulle lewens sopas verander.

Kan u u voorstel dat iemand die nuwe bruid nader met hierdie ontmoedigende woorde: “O, aarde! Jy is nou regtig in ‘n slegte situasie. Dink net, jy moet elke dag van jou lewe vir hierdie ou kook. Daar sal van jou verwag word om die huis skoon te maak, sy klere heel te maak, en sy slordige gewoontes te verdra. Hierdie trouery is ‘n slegte ding.” Weet julle hoe daardie jong vroutjie sal reageer? Sy sal sê, “Wonderlik! Ek sal elke oomblik daarvan geniet!”

Veronderstel dat iemand sou probeer om ‘n nuutgedoopte Christen, wat sopas met Jesus “getroud” is met hierdie woorde te ontmoedig: “O, jy het jouself in ‘n betreurenswaardige situasie geplaas. Dink net, jy kan nie meer na kroeë en danse gaan nie. Jy sal nie meer op Sabbat na die voetbal kan gaan nie, en jy sal nie meer varkvleis of garnale kan eet nie.” Sonder twyfel sal die stralende nuutgebore Christen antwoord, “Wonderlik! Ek geniet elke oomblik!”

Die verduideliking vir hierdie reaksie word in 2 Korinthiërs 5:14 gevind, “Want die liefde van Christus dring ons.” Liefde dwing mense om enigiets en alles te doen om die Een te behaag wat vir hulle gesterf het. Geen swaar juk bind so ‘n dissipel tot ‘n weg van diens en gehoorsaamheid nie. “Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.” Openbaring 22:14. Daardie woord *salig* beteken in werklikheid *gelukkig.* Die gebooie mag beperkend wees, maar dit is ‘n vreugde om deur liefde beperk te word.

Vir die onbekeerde is hierdie gedagtes vreemd en teenstrydig. Mense wat nie iemand liefhet nie, kan nie die selfopofferende betrokkenheid waardeer van diegene wat

gelukkig getroud is nie. Sommige getroude paartjies het hulle liefde vir mekaar vernietig, en hulle sien die huwelik as ‘n bittere slawerny. *Die fout is nie met die huwelik nie, maar met die houding.* Wanneer Christene afvallig raak en hulle verhouding met Jesus verloor, begin hulle ook te kla oor die beperkings veroorsaak deur godsdiens. Godsdiens is nie die probleem nie, maar die liefdelose harte van die klaers.

Is hierdie alles in teenstelling met die lering van Christus aangaande selfopoffering? Jesus het gesê, “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.” Lukas 9:23. Het hy bedoel dat die weg van gehoorsaamheid moeilik en ongelukkig sou wees? Nee. Hy het slegs die werklikheid van kompeterende aanloklikhede in die lewe van ‘n Christen uitgebeeld. Daar sal altyd verleidings van die vlees wees en van die wêreld wat op die eie-ek aanspraak sal maak en wat sal probeer om my van Christus af weg te trek. Sonder die dwingende invloed van ‘n hoër liefde, kan die emosionele aanspraak van daardie dinge onweerstaanbaar wees. Hier is dit waar die perke van liefde se gesag openbaar word. Die kragtige liefde van Christus verplig my om aan Hom vas te klou en “Nee” te sê vir die aanhoudende uitnodiging van die vlees, die duiwel, en die wêreld. Daardie belaglike uitdagings tot my verhouding met Christus sal altyd teenwoordig wees, maar ek sal altyd kan kies om by Hom te bly om twee redes: Ek het Hom liewer as enigiets of enigiemand anders in die wêreld, en ek weet Hy sal slegs dit doen wat tot my voordeel is.

Satan sal gevoelens benut as een van sy doeltreffendste wapens teen die heiliges, maar ‘n ware Christen sal besef dat die vlees en gevoelens nie vertrou kan word nie. Ons moet God dien omdat dit reg en waar is en nie omdat ons in die stemming is om dit te doen nie. Gemoedstemmings het miljoene gelei om die Here te verloën en vir die vlees te lewe. Meeste van die wat

vandag die duiwel dien, doen dit omdat hulle deur gevoel mislei en verblind word. Mens is voortdurend verbaas om te sien hoe mense die vlak kunsmatighede van sonde najaag in ‘n soektog na geluk. Dit is duidelik dat hulle nie enige ware plesier put uit rook, drink of om hulleself andersins te vernietig met toegeeflike gedrag nie; nogtans tree hulle soos menslike outomate op deur dit te doen wat deur hulle vleeslike begeertes voorgeskryf word.

Walter Winchell het dit soos volg opgesom toe hy in sy koerantkolom geskryf het: “Die hartseerste mense in die wêreld is die wat in saamkomplekke sit en hulleself wys maak dat hulle dit terdeë geniet. Al die vermaaklikheidsplekke van Broadwaystraat in New York probeer om mense gelukkig te maak, nogtans is hulle deurweek met hartseer.”

Die probleem is dat daardie miljoene geen krag van ‘n hoër wet van geestelike liefde het wat in hulle lewens werk nie. Met geen kompeterende mag om dit teen te staan nie, het die vlees ‘n beherende invloed oor die verstand en liggaam. Die eie-ek reageer op die emosionele oproep van uiterlike stimulering en het geen ander keuse as om deur die vlees vasgevang te word nie. Dit herinner my aan ‘n verhaal wat ek oor ‘n konsentrasiekamp gehoor het. ‘n Man het gestaan en deur die ogiesdraad van ‘n oorbevolkte dodekamp gekyk. Binne het die gevangenes met uitgeteerde liggame, hol wange, en weggesonke oë gestaan. Terwyl die man aan die buitekant na die toneel van daardie sterwende gevangenes gestaar het, het een van die gevangenes na hom geroep en gesê, “Ha! Jy kan nie hier inkom nie, kan jy?” Onmiddellik het die eie-ek op die uitdaging gereageer. “Wie sê ek kan nie? Ek sal jou wys.” En die man het deur die draad gekruip om by die ander hartseer gevangenes aan te sluit.

Dit is waarskynlik die naaste verduideliking wat ons het om die sinnelose swelgery van die dood te beskryf wat miljoene elke jaar lei tot opsetlike oortreding van die wette van hulle bestaan.

Ongelooflik soos wat dit mag lyk, is die eie-ek gewillig om homself ongelukkig te maak ten einde sy eie gang te gaan, en die vleeslike mens het geen krag om die bevele te weerstaan nie. Dit is baie makliker vir hulle om verkeerd te doen as om reg te doen. Laat ons egter die glansryke waarheid herhaal en bevestig dat vir diegene wat Christus hartstogtelik liefhet, dit makliker is om reg te doen as verkeerd.

Hier is die goeie nuus van die volle evangelie van Jesus Christus, en ek bevestig dit nou aan elke leser van hierdie woorde. Jesus het gekom om die plofkrag te voorsien waardeur ons beide geregverdig en geheilig kan word. Ons kan bevryding van die skuldgevoel van sonde geniet asook van die krag van sonde. Deur die eenvoudige, gratis voorsienings van die evangelie te aanvaar, is verlossing verseker in al drie tye van ons Christelike ervaring – verlede, teenswoordige, en toekomstige. Mag God ons help om nie tevrede te wees met ‘n gedeeltelike begrip of aanwending van Sy genade nie. Laat ons die ongelooflike rykdom en krag (*dunamis*) wat aan ons gegee is as seuns en dogters van God, aangryp.

## HOE OM AANSPRAAK TE MAAK OP OORWINNING OOR SONDE

Het u al gehoor van die nuwer manier om oorwinning oor slegte gewoontes en sondes te behaal? Dit word soms die *verminderings*metode genoem of die *probeer* metode, maar gewoonlik werk dit net nie. O, dit werk natuurlik gedeeltelik, omdat ouderdom sorg dat sommige versoekings en sondes kwyn, en die verloop van tyd laat die res verdwyn wanneer die dood intree. Weet u egter waarom *probeer* nie werk in die stryd om die duiwel te oorwin nie?

Waarom kan ons nie vir ‘n paar maande teen die duiwel veg

en hom uiteindelik verdryf nie? Omdat die duiwel sterker is as ons. Ons sou vir ‘n jaar teen hom kon veg, maar aan die einde van daardie jaar sal hy nog steeds sterker wees as ons. Om te probeer sal nooit die krag van enige sonde verbreek nie, omdat ons te doen het met ‘n vyand wat altyd sterker sal wees as ons. Wat is dan die antwoord op ons swakheid en mislukking? Hierdie vraag lei ons na die aangenaamste en mees verhewe geheim in die Woord van God.

Eerstens moet ons verstaan dat al die Hemelse gawes vir ons beskikbaar is deur die beloftes van die Bybel, en dat ons dit deur geloof ontvang. Petrus beskryf die “grootste en kosbare beloftes” en verseker ons “dat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur.” 2 Petrus 1:4. Groot krag word bevat in die belofte om dit te vervul aan almal wat in geloof daarop aanspraak maak. Weinig is gewillig om te glo dat die beloofde seën hulle s’n word die oomblik wanneer hulle dit glo. Waarom is dit so moeilik om volkome te glo dat God sal doen wat Hy beloof?

Laat ons nou kom by die kern van oorwinning en die vier eenvoudige skriftuurlike stappe oorweeg wat enige gelowige kan neem om op God se krag aanspraak te maak. Vier tekse sal lig werp op die verbasende manier. EERSTENS: “Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.” 1 Korinthiërs 15:57. Laat u gedagtes toe om die aangename boodskap van hierdie woorde te geniet. OORWINNING IS ‘N GESKENK! Ons verkry dit nie deur ons pogings nie, of is geregtig daarop as gevolg van enige sogenaamde goedheid nie. Al wat ons moet doen, is om daarvoor te vra, en die oorwinning sal vrylik deur Christus aan ons gegee word. Hy is die enigste Een wat ooit die oorwinning oor Satan behaal het, en indien ons ooit die oorwinning besit, sal dit as ‘n geskenk van Hom af moet kom.

Laat ek u iets vra. Het u oorwinning in u lewe nodig oor ‘n

bindende, slegte gewoonte van sonde? Sommige is slawe van eetlus, alkohol, of tabak. Andere stry hulpeloos teen onkuisheid, woede, of wêreldsheid. Die Bybel sê dat u die oorwinning as ‘n geskenk deur Jesus Christus kan verkry. Glo u dat Hy vir u daardie krag sal gee indien u vir Hom vra? Hoe seker kan u daarvan wees dat God u gebed vir oorwinning onmiddellik sal beantwoord? Hier is hoe seker u kan wees – net so seker as wat Christus se woorde waar is!

Ons TWEEDE teks is Mattheus 7:11, “As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!” Is dit ‘n goeie ding wanneer u vra vir oorwinning oor tabak of enige ander vleeslike of morele sonde? Natuurlik is dit! En u hoef nie eers te vra of dit God se wil is nie! Hy het alreeds vir ons in die Bybel gesê dat dit Sy wil is om die werke van sonde en die duiwel te vernietig. Indien ons sou bid vir meer geld of ‘n beter werk, behoort ons te vra volgens Sy wil, maar die oorwinning oor sonde is beloof aan elkeen wat in geloof vra.

Sal God die oorwinning gee wanneer ons Hom vra? Jesus het gesê dat Hy meer as gewillig is om hierdie goeie ding te gee as wat ons is om ons kinders te voed wanneer hulle honger is. Hy wag om u geloof te beloon en “sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.” Filippense 4:19. Hierdie beloftes is so sonder voorbehoud en onbeperk dat ons verstande dit nie kan begryp nie. Waarom was ons so huiwerig om te vra vir die voorsienings van genade? Waarom is dit so moeilik om te glo dat God presies bedoel wat Hy sê?

Hier is die volgende vraag. Hoe weet ons dat ons die oorwinning besit nadat ons Hom gevra het? Omdat Hy gesê het dat ons dit sal hê. Ons weet dat God nie lieg nie. Ons kan Sy belofte glo. Die oomblik wanneer ons vra, moet ons aanvaar dat

ons dit ontvang, Hom bedank vir die geskenk, en voortgaan om op te tree asof dit gedoen is. Daar moet nie ‘n “gevoel” of ander bewys vereis of verwag word nie. Die selfvervullende krag in die belofte word ontvang in reaksie op ons geloof alleen.

Dit bring ons by die DERDE teks wat in Romeine 6:11 gevind word, “So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.” Die woord *reken* beteken om te glo, of dit te beskou as gedoen. Elke daad van geloof behoort op daardie een versoek vir oorwinning gefokus te word en dan moet dit aanvaar word as ontvang. Onthou u hoe Petrus op die water geloop het? Hy het vir Jesus gevra of hy uit die boot op die stormagtige see kon klim, en Jesus het vir Petrus gesê om te kom. Hoe lank het Petrus egter die onmoontlike gedoen deur op die water te loop? Die Bybel sê, “Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!” Mattheus 14:30.

Waarvoor was Petrus bang? Hy was bang om te sink en te verdrink. Ten spyte van Christus se versekering dat hy veilig op die water kon loop, het Petrus begin twyfel aan die woord van die Meester. Dit is toe dat hy begin sink het. Solank as wat hy die belofte van Jesus geglo het en in geloof opgetree het, was hy veilig. Toe hy getwyfel het, het hy gesink.

Wat is nou die onmoontlike soverre dit u aangaan? Dit is nie om op water te loop nie. Dit is om daardie tabakgewoonte of ander boesemsonde te oorwin. En Christus sê, “Kom na my. Ek sal vir jou die oorwinning gee.” Solank as wat u glo dat u bevry is, sal u die oorwinning hê. Dit is so eenvoudig soos dit. Die oomblik wanneer u vir oorwinning vra, sal u dit in u lewe ontvang as ‘n bron van krag. U sal dit nie voel nie, maar dit is daar. Dit sal daar bly solank as wat u dit in geloof aanvaar.

Vir sommige mense is die bevryding so dramaties dat hulle selfs hulle lus vir sonde verloor. Tabakverslaafdes was soms van

die lus bevry. MAAR DIT IS NIE DIE NORMALE MANIER WAAROP GOD DIT DOEN NIE. Gewoonlik bly die begeerte, maar in die oomblik van versoeking, ontstaan die krag om die versoeking te vermy, van binne. Geloof aanvaar die werklikheid van bevryding en maak gedurig aanspraak op die oorwinning wat in die veilige besit van die gelowige is.

Die finale stap tot oorwinning word beskryf in ons VIERDE teks, Romeine 13:14, "Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie." So sterk is die vertroue in die aangeneemde krag van God dat daar geen oorweging geskenk word om weer onder die krag van daardie sonde te struikel nie. Onder die ou *probeer* plan, was voorsiening gemaak om hoofsaaklik te misluk. Sigarette was op 'n rak geplaas, en die roker het vir homself gesê, "Ek gaan probeer om nooit weer te rook nie, maar indien ek sou faal, weet ek waar hulle is." Onder die *vertrou* plan het ons egter geen rede om mislukking as gevolg van menslike swakheid te vrees nie. Oorwinning is nie afhanklik van ons krag nie, maar van God se mag. Ons kan misluk, maar vir Hom is dit onmoontlik. Sigarette word weggegooi. Alle planne wat enigsins voorsiening maak vir toegewings, moet laat vaar word.

Klein Jimmy was in die moeilikheid omdat hy teen sy moeder se bevel gaan swem het. Toe hy gevra was waarom hy ongehoorsaam was, het Jimmy geantwoord, "Omdat ek versoek was." Toe het Moeder gesê, "Ek het opgelet dat jy jou swembroek vanoggend saamgeneem het. Waarom het jy dit gedoen?" Jimmy het geantwoord, "Omdat ek verwag het om in die versoeking te kom." Hoe tipies van diegene wat nie heeltemal hulle eie krag vertrou om die oorwinning te behaal nie. Hulle maak voorsiening om te misluk.

Iemand mag dalk beswaar maak dat hierdie ontmoedigend

kan wees. Veronderstel die persoon misluk? Selfs Petrus het begin sink. Sal dit nie vertroue in God laat wankel wanneer oorwinning nie gehandhaaf word nie? Nee. Dat Petrus gesink het, het niks te doen gehad met die mislukking van goddelike krag nie. Dit het nie Christus se wil vir hom om op die water te loop, verander nie. Dit het slegs Petrus se behoefte aan sterker geloof beklemtoon om hom in staat te stel om Christus se bevel te gehoorsaam. Ons geloof kan verswak. Ons moet dalk herinner word van ons totale afhanklikheid van Sy krag. Dit verflou egter nie die skitterende plan van God om krag en oorwinning te verleen deur “die oneindige groot en kosbare beloftes” van die Bybel nie. Sonder geloof van die ontvanger kan selfs God se beloftes nie aangewend word nie. Die beperkings word duidelik in die woorde van Jesus omskryf, “Laat dit vir julle wees volgens julle geloof.” Mattheus 9:29.

Daar is dit, vriend, in al sy eenvoud. EN DIT WERK! Indien u gewillig is om bevry te word, werk dit. Niks sal die persoon help wat nie gewillig is om die sonde prys te gee nie. Maar indien u dit wel verlang, dit is daar. OORWINNING, KRAG, BEVRYDING – reik net uit in geloof en dit is u s’n. Glo dit en maak op hierdie oomblik daarop aanspraak. God wil hê dat u vry moet wees.